Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 34: *B'midbar* – In Die Wildernis

יהוה het met Mosheh gepraat in die wildernis van Sinai, in die Tent van Ontmoeting, op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat hulle uit Mitzrayim uitgetrek het en gesê: Num. 1:1 – PWL[1]

Torah: Num. 1:1 tot 4:20.

Haftorah: Hosea 1:10 tot 2:22

Nuwe Verbond: Luk. 22:30; 1Kor. 12:12-20; 1Pet. 2:9; Open. 4:1 tot 11; Open. 7:1 tot 8; Open. 21:12; Luk. 22:26; 1Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 34 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Tolerance and compromise is the creed of a coward. There seems to be very little most will not endure (tolerate and compromise with) to preserve their pay check or keep "peace" in their lives – Butch Paugh.

Theologians today are mostly concerned with protecting what little we have left rather than fighting to regain all that we have lost – King.

It's time to say goodbye to this watered-down, sin-excusing, so-called gospel that offers everything and calls for nothing – Anonymous.

Obedience isn't legalism; it's a symptom of salvation – C.S. Lewis.

In our abandonment we give ourselves over to God just as God gave Himself for us, without any calculations. The consequences of abandonment never enter into our outlook because our life is taken up in Him. — Oswald Chambers.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

No one can say yes to God's ways who has said no to his promises and commandments. Acceptance of the will of God comes in the daily submission under his Word. — Dietrich Bonhoeffer.

Torahbespreking

Hersiening

In ons studie van die derde boek van Mosheh, *Vayikra* wat "Hy het geroep" beteken, het ons geleer dat יהוה vir Yisra'el geroep het tot 'n afgesonderde lewe van Torahgehoorsaamheid. Wedergeboorte is dan ook die dag toe יהוה ons geroep het tot afgesonderdheid en gehoorsaamheid aan Sy Torah van die nuwe verbond. Deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een het ons op God se roepstem geantwoord om terug te keer na die hart van ons voorvaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov voordat die groot en vreeslike dag van יהוה aanbreek (Mal. 4:5-6).

Nou aan die begin van ons studie van Numeri, wat "geteldes" of "getalle" beteken, word ons daaraan herinner dat ons as die geteldes van יהוה gereken word.

Die Hebreeuse naam van hierdie vierde boek van Mosheh is egter *B'midbar* wat "in die wildernis (woestyn)" beteken en wat meer toepaslik is, omdat dit die geskiedenis van Yisra'el beskryf wat vir bykans 38 jaar in die wildernis geswerf het.

Daarom kan Num. 9:17 as een van die sleutelverse van hierdie boek beskou word:

> Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die kinders van Yisra'el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die kinders van Yisra'el kamp opgeslaan.

Die inhoud van *B-midbar* kan in twee verdeel word:

1. Num. 1:1 tot 10:10 bevat die onderrig en instruksies terwyl Yisra'el nog by Sinai kampeer.

2. Num. 10:11 tot 36:13 beskryf Yisra'el se swerftog in die wildernis wat ook soos volg verdeel kan word:

   - Num. 10:11 tot 25:18 is die tydperk in die wildernis terwyl die geslag wat van die slawejuk van Mitzrayim bevry was, uitsterf.

   - Num. 26:1 tot 36:13 is die voorbereiding van die nageslag om Kena'an in besit te gaan neem.

Die Wildernistog – Noodsaaklike Lewenslesse!

B'midbar is die geskiedenis van hoe Yisra'el vanaf die voet van die berg Sinai getrek het tot by Kadesh op die grens van die beloofde land, Kena'an. Dit is die geskiedenis van Yisra'el vanaf die eerste dag van die tweede maand van die tweede jaar nadat hulle uit Mitzrayim vertrek het (Num. 1:1) tot en met die 11 maand van die veertigste jaar (Deut. 1:3). Yisra'el se swerftog in die wildernis het begin op die twinstigste dag van die tweede maand van die tweede jaar (Num. 10:11), kort nadat hulle die eerste herdenking van Pesag gevier het. Die slawerny in Mitzra'yim en יהוה se reddende genade was nog vars in hulle geheue.

Dit wat veronderstel was om ‘n reis van slegs enkele weke te wees, het toe bykans 38 jaar geduur weens Yisra’el se hardnekkige wantroue in die beloftes van יהוה toe hulle geluister het na die negatiewe gerugte van tien van die twaalf verkenners en nie bereid was om יהוה te volg nie (Num. 32:11-12)!

Gedurende hierdie swerftog gaan hulle leer om יהוה vir alles, en in alle omstandighede, te vertrou. Hulle gaan leer dat Hy gewillig en in staat is om in al hulle behoeftes te voorsien. Alle weerstand teen Vader-God se soewereine wil gaan uiteindelik met gehoorsaamheid vervang moet word alvorens hulle as ware bevrydes Kena’an sal kan ingaan. Hierdie swerftog is ‘n les in die mislukkings (nederlae) en suksesse (oorwinnings) in Yisra’el se wandel saam met יהוה-God.

Yisra’el se wildernistog bevat lewenslesse wat ons moet leer en toepas tydens ons eie wildernistog in hierdie wêreld. Ons moet uit Yisra’el se foute leer!

Die inhoud van *B’midbar* kan kortliks soos volg opgesom word: Yisra’el het van Sinai af weggetrek en by Kadesh aangekom waar die verkenners slegte gerugte oor Kena’an onder die volk versprei het met die gevolg dat Yisra’el nie die land wou binnegaan nie. Die gevolg hiervan was dat Yisra’el vir 38 jaar in die wildernis sou swerf. In hierdie tyd het die geslag wat van die slawejuk bevry was, gesterwe en sou die nuwe geslag Kena’an binnegaan.

Hierdie behoort as waarskuwing vir ons te dien dat die bevryding van die “slawejuk van sonde” deur wedergeboorte nie die waarborg is dat ons die Koninkryk van die hemel sal erf nie. Nee, want vertroue en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, word ook vereis!

B’midbar beklemtoon weereens יהוה as dié Oppergesag en die feit dat Hy ‘n getroue Verbondsgod is. יהוה is getrou aan Yisra’el op grond van die verbond met Avraham (Gen. 15:18-20; Gen. 50:24; Num. 32:11).

Hoewel baie van יהוה se onderrig en instruksies herhaal word, vertel *B’midbar* egter van die murmureringe en rebellie van Yisra’el en van God se gevolglike oordeel. Die volk wat יהוה uit Mitzrayim bevry het, ‘n verbond by Sinai mee gesluit het, en wat vir sowat ‘n jaar onderrig in יהוה se Torah ontvang het, asook die praktiese toepassing daarvan by wyse van die priesterorde en die tabernakel, het nie met vertroue, dankbaarheid en gehoorsaamheid gereageer nie, maar wel met wantroue (ongeloof), ondankbaarheid en rebellie.

Die hoogtepunt van hulle rebellie en wantroue was toe hulle geweier het om Kena’an in besit te neem (hoofstuk 14). Die gevolg was dat יהוה die geslag wat Hy van die Egiptiese slawejuk bevry het se reg om die beloofde land in te gaan, ontneem het. Y’hoshua en Kalev was die enigste uitsondering. Die nageslag van die wat uit Mitzrayim bevry was, het uiteindelik onder die leierskap van Y’hoshua Kena’an in besit geneem.

B’midbar begin met die vorming van ‘n militêre gevegseenheid om Yisra’el op sy tog na Kena’an te beskerm en om die land in besit te neem. Yisra’el verlaat Sinai as ‘n militêre mag met יהוה self as ‘Bevelvoerder’ en met die opdrag om יהוה se Koninkryk in Kena’an te gaan vestig!

Die gebeure soos in *B’midbar* beskryf word, is steeds vandag op ons van toepassing. Dit bevestig dat יהוה ‘n koninklike priesterdom volgens die orde van Malki-Tzedek vir Hom afgesonder (geheilig) het om Sy Koninkryk hier op aarde te vestig. Yisra’el van ouds is die sinnebeeld daarvan en Kena’an is die vyand (Satan) se grondgebied wat verower moet word!

B'midbar dien ook as waarskuwing dat יהוה ook 'n God van oordeel is wat selfs Sy eie volk sal oordeel en straf vir wantroue, ongehoorsaamheid en rebellie!

Soos ons die boek van *B'midbar* bestudeer moet ons onthou dat al hierdie dinge wat met Yisra'el gebeur het as voorbeeld dien en opgeskrywe is as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1Kor. 10:11.)

In Hebr. 4:1-13 word ons ook daaraan herinner dat ons soos Yisra'el van ouds die goeie boodskap van die Koninkryk en die beloftes gehoor het, en daarom moet ons nie soos hulle ook in wantroue en ongehoorsaamheid verval nie!

B'midbar is ook 'n herinnering en bevestiging dat יהוה deur Yeshua ons voorsiener in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam is. Selfs die sekulêre profeet Bileam het geprofeteer van die dié Gesalfde Een wat soos 'n ster uit Ya'akov te voorskyn sal kom (Num. 24:17). In *B'midbar* is ook die getuienis dat Yeshua alleen die ware Lewegewer is:

> **14** en net soos Mosheh die slang in die wildernis opgelig het, so sal die Seun van die mens opgelig word
> **15** sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê, Joh. 3:14-15 (Num. 21:6-9).

Soos Yisra'el van ouds drink ons ook almal vandag uit die geestelike rots, naamlik Yeshua dié Gesalfde Een (1Kor. 10:4; Num 20:8).

Ons is elkeen ook besig met ons eie wildernistog. Laat ons uit die geskiedenis van Yisra'el leer om nie ook dieselfde foute te begaan nie!! Laat ons in gehoorsaamheid en vertroue die reistog na die hemelse Koninkryk onderneem.

Bepeins of Bespreek

1. Ware vryheid is nie om te doen wat ons wil doen nie, maar om te doen wat יהוה wil hê ons moet doen. Ons vryheid begin in Yeshua deur vergifnis van ons sonde en versoening met יהוה. Dit is die waarheid wat ons glo en doen, naamlik die woord van יהוה (Joh. 17:17), wat ons vry maak (Joh. 8:32). Maar is ons waarlik vry as daar nog bindinge in ons lewens is? Sommige bindinge is nie noodwendig sonde nie, byvoorbeeld depressie, vrees, kalmeermedikasie, gebrek aan selfdissipline, ensovoorts wat 'n houvas op ons lewens het en ons van ware vryheid beroof. Hierdie bindinge is soos die 'reuse' van die beloofde land en weerhou ons om die volle seën van ware vryheid deelagtig te wees! Maar tog, in die lig hiervan, moet ons vra: Is ons wantroue in יהוה se vermoë om ons waarlik te bevry van bindinge nie ook soortgelyk aan die sonde van Yisra'el wat die tien verkenners geglo het en nie vir יהוה nie?

יהוה se Weermag van Geteldes.

Die boek Numerie begin met'n sensusopname van mans van 20 jaar oud en ouer; almal wat in staat is om oorlog te gaan maak.

> **2** "Tel die koppe van die hele vergadering van die seuns van Yisra'el volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die getal name, almal wat manlik is, kop vir kop;
> **3** vanaf twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat is om oorlog te gaan maak in Yisra'el, dié moet jy en Aharon tel volgens hulle leërafdelings. Num. 1:1-2.

Die doel van die sensusopname was om Yisra'el in 'n gedugte weermag te organiseer. Almal wat op komando moet uittrek was getel (Num. 1:3). Hoewel יהוה die land Kena'an aan Avraham en sy nageslag belowe het, sou die inwoners weerstand bied en sou Yisra'el dit nie sonder 'n goed georganiseerde weermag kon verower nie. Yisra'el moes offensief optree en nie net defensief nie!!

Yisra'el het dus vooraf geweet dat hulle in oorloë betrokke gaan wees. Net so moet ons ook besef dat ons as koninklike priesterdom en afgesonderde volk ook in 'n worsteltryd betrokke is (Ef. 6:12). Ons worstelsrtyd is nie teen vlees en bloed nie, maar 'n geestelike 'oorlog' teen Satan en sy magte, asook teen die heersende afvallige wêreldgesindheid en ons eie vleeslike begeertes.

As stundentevolgelinge van Yeshua het ons die krag en outoriteit oor al die demone ontvang, asook om siekes gesond te maak (Luk. 9:1-2). In Yeshua het ons die outoriteit ontvang om "op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand" en ook die belofte dat niks ons skade sal doen nie (Luk. 10:1-2).

Volgens 2Kor. 10:3-6 bevestig Sha'ul ook dat ons nie oorlog volgens die vleeslike maak nie, maar "vanuit die krag van God en daarmee onderwerp ons rebelse vestings, ons breek argumente en elke hoë skeiding wat teen die kennis van God opgerig word, af en neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan dié Gesalfde Een (2Kor. 10:4-5).

Ons taak is dus om elke rebelse vesting wat opgerig word teen die kennis van God af te breek en elke gedagte gevange te neem, asook om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer ons eie gehoorsaamheid volkome geword het (2Kor. 10:6). Hierdie rebelse vestings en elke hoë skeiding moet veral gesien word as die leerstellings en rebellie teen die Torah van יהוה. Dit is hierdie vestings en hoë skeidings wat mense verhinder om Vader-God werklik te kan ken en Sy onpartydige opregtheid van vertroue in Yeshua, dié Gesalfde van God, en gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, te soek en te vind.

Maar eerstens moet ons ons eie gedagtes gevange neem en dit in gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, onderwerp.

In ons wildernistog in hierdie wêreld moet ons die volle wapenrusting van God aantrek (Efes. 6:13-17):

> **13** Trek daarom al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat sal wees om die bose een te konfronteer en wanneer julle gereed is in alle dinge, sal julle staan.
> **14** Staan daarom en maak die gordel van waarheid om julle heupe vas en trek die borsplaat van onpartydige opregtheid aan
> **15** en bind die skoene aan julle voete vas in voorbereiding vir die goeie boodskap van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.
> **16** By dit alles tel die skild van vertroue op sodat julle die krag sal hê om al die brandende pyle van die Bose te kan uitblus.
> **17** Sit die kopskerm van verlossing op en tel die swaard van die Gees op, wat die boodskap van God is.

Slegs wanneer ons met die volle wapenrusting van God geklee is, sal ons effektief weerstand teen die teëstander kan bied en hom oorwin (Jak. 4:7). Dan sal ons oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van ons getuienis (Open. 12:11).

Yisra'el se geteldes moes te alle tye paraat wees; nie net om te verdedig nie, maar ook om vyandige vestings aan te val en in te neem. Deur wedergeboorte word ons ook gereken as יהוה

se geteldes wat in staat is om "oorlog" te gaan maak onder die aanvoering van Yeshua as ons Bevelvoerder. Maar as ons nie die volle wapenrusting aan het nie, sal ons kwesbaar wees en sal ons nie tot die einde kan volhard om die Koninkryk in besit te neem nie!

Die opdrag aan Mosheh en Aharon om die sensus *kop vir kop* te doen, verwys na die feit dat dit nie net gegaan het oor getalle nie, maar oor elke individu afsonderlik. Elke individu het van aangesig tot aangesig voor Mosheh en Aharon verskyn. Dit openbaar die Vaderhart, naamlik: Ons is meer as net 'n nommer ('n getal)!! Ons verskyn ook as individue voor Vader wanneer Hy ons in Sy 'weermag' opneem.

Elke individu in Yisra'el van ouds het 'n identiteit en rol in die samelewing gehad. Dieselfde geld steeds vandag vir יהוה se volk. Hierdie identiteit en rol is dalk nie vir ander belangrik nie, maar in Yeshua is dit vir יהוה 'n prioriteit.

Die woorde in Num. 1:2: "Tel die koppe" of "kop vir kop" het ook 'n letterlike betekenis van: "Tel die koppe op". Dit beteken dat יהוה nie belangstel in die getalle van Yisra'el nie, want dit weet Hy, maar om hulle letterlik op te lig na 'n hoër vlak van vertroue in Sy beloftes en voorsiening.

In Num. 1:46 lees ons dat al die geteldes was 603 550 en is bevestiging van die belofte aan Abraham dat sy nageslag soos die sterre aan die hemel sal wees. Yisra'el se getalle het van 70 wat in Mitzrayim aangekom het, toegeneem tot meer as 600 000 man van 20 jaar en ouer. In Num. 26:51 is daar weer 'n soortgelyke sensusopname gedoen en die geteldes was op daardie tydstip 601 730, ten spyte daarvan dat 'n hele geslag in 40 jaar uitgewis was.

Die belofte aan Avraham word steeds vandag bewaarheid, want ten spyte van al die pogings om Yisra'el uit te wis, word daar daagliks tot die getalle van Yisra'el toegevoeg, naamlik die name van die wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van God is en volgens die Torah van die nuwe verbond lewe! Dit is hulle wat sal oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van hul getuienis (Open. 12:11).

Bepeins of Bespreek

1. Hoeveel gelowiges is werklik betrokke by die uitbreiding van יהוה se Koninkryk? Is die meerderheid gelowiges "rusbank geteldes" wagtend vir iemand anders om namens hulle die vyand te oorwin en die Koninkryk uit te brei?

2. Het geestelike oorlogvoering enige nut indien Torahongehoorsaamheid die kern van die probleem is?

3. Was hierdie sensusopname nie moontlik 'n tipe van 'inhuldigingseremonie' nie – 'n tipe van wydingsermonie (ordinering) as geskik vir dienswerk? Ondergaan ons nie iets soortgelyks by wedergeboorte en vulling met die Afgesonderde Gees nie? Is dit nie die oomblik wat ons voor יהוה staan om getel te word en ingehuldig (toegewy) te word nie?

4. Die Hebreeuse woord vir "kop vir kop" in Num. 1:2 is *gulgolet* en beteken ook "skedel" (kopbeen) en beteken letterlik om die "koppe te tel". Die plek waar Yeshua gekruisig was, is ook bekend as die Plek van die Kopbeen (Hoofskedel), naamlik Gulgolta (Matt. 27:33; Mark. 15:22; Joh. 19:17). Is hierdie 'n toevalligheid? Is Gulgolta nie die plek waar יהוה begin het om 'n sensusopname van Sy volk van die nuwe verbond te doen nie?

   - Dink daaraan: Selfs die hare op ons kop is getel (Luk. 12:7). Ons Vader gee werklik om vir Sy kinders en ons is dus nie net 'n nommer nie!!!

- Is die probleem met sommige geestelike leiers nie juis dat die lidmate net ‘n nommer is nie – ‘n inkomste nommer?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.